SÊ JOU SÊ!

# VOORGESTELDE INFORMELEHANDELSPLAN VIR KHAYELITSHA-INKOPIESENTRUM

Die Stad Kaapstad het ’n mandaat om informele handel binne sy jurisdiksie te bestuur. Die Stad kan ook deur middel van die Verordening op Informele Handel ’n informelehandelsplan vir enige plek of gebied verklaar en deur die informelehandelsplan toegewyde, beperkte of verbode plekke vir informele handel spesifiseer.

As deel van die proses moet formele Raadsgoedkeuring eers verkry word voor enige gebied afgebaken word vir informele handel.

Die Stad is besig met die opstel van ’n informelehandelsplan vir die Thembokwezi-mark. Alle belanghebbendes en belangstellendes word hiermee formeel gevra om die volgende openbare vergadering (opedag) by te woon en kommentaar oor die konsepplan te lewer:

**Datum:** 31 Maart 2026
**Tyd:** 09:00 - 18:00
**Plek:** Khayelitsha-saal (Thusong-sentrum), Walter Sisulurylaan en Steve Bikoweg, Khayelitsha

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, word die publiek en belanghebbende partye of groepe die geleentheid gebied om vanaf 9 Maart 2026 tot 9 April 2026 kommentaar, aanbevelings of insette aan die munisipaliteit voor te lê.

**Kommentaar, insette of aanbevelings kan ingedien word per:**
E-pos: Sixolile.Gantsho@capetown.gov.za
Webwerf: www.capetown.gov.za/haveyoursay
Per hand afgelewer: Hlomelastraat 4, Town 2, Khayelitsha (wyksraadslidkantoor)
Subraad 10-kantore: Khayelitsha-opleidingsentrum, Lwandleweg 50, Village 2, Khayelitsha

Spesiale bystand sal verleen word aan diegene wat nie kan skryf of lees nie, mense met gestremdhede en ander benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, sodat hulle insette of kommentaar aangeteken en aan die munisipaliteit voorgelê kan word. Kontak Mbuthokazi Kubashe by Mbuthokazi.Kubashe@capetown.gov.za vir hulp hiermee.

Kontak Mbuthokazi Kubashe by 021 400 9808 of Mbuthokazi.Kubashe@capetown.gov.za vir nog inligting oor algemene openbare deelname.

Die voorgestelde plan sal ter insae beskikbaar wees op die Stad se webwerf by www.capetown.gov.za/haveyoursay, by die subraad 9-kantoor en die Stadsbiblioteke in subraad 9.

**Kontak Sixolile Gantsho by 021 360 1271 of Sixolile.Gantsho@capetown.gov.za vir enige navrae oor die konsepplan.**

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**STADSBESTUURDER**
CTA44/2026

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.